Die probleem wat tydens die samespreking tussen bogenoemde drie here in die Kantoor van die Administrateur en later op die terrein van die Genl. Pretoriusgebou opgeduik het, hou verband met die volgende sinsnede op die bronsplaat: *Hier was Fort Royal geleë,* en sy Engelse weergawe: *Here stood Fort Royal.* Hierdie stellings impliseer dat Fort Royal geleë was of gestaan het op die terrein van die huidige Genl. Pretoriusgebou aan die oostekant van Paul Krugerstraat.

Tydens die samespreking het ondergetekende dit as sy mening uitgespreek dat Fort Royal *in die omgewing van* die Genl. Pretoriusgebou geleë was, maar baie beslis nie geleë was of gestaan het nie op die noordoostelike hoekerf waarop die Genl. Pretoriusgebou in die vyftigerjare opgerig is. Dit was sy mening dat indien die bronsplaat aan die muur van die Genl. Pretoriusgebou aangebring sou word, sodanige aanduiding van die ligging van die eertydse Fort Royal nie sou ooreenstem met die historiese feite nie, bygevolg misleidend sou wees en verbygangers en besoekers in die jare wat kom onder 'n verkeerde indruk sou bring.

**2. Die bevindings van twee bekende historiese navorsers oor die ligging van Fort Royal**

Vir die doeleindes van 'n ondersoek na die presiese ligging van Fort Royal, is daar in die eerste plek aandag gegee aan die bevindings van *Robert Peacock* en *Arthur Davey* in die eerste helfte van die vyftigerjare.

i. *Robert Peacock*

Met gebruikmaking van die geskrifte van Charles Du Val (With a Show through Southern Africa and Personal Reminiscenses of the Transvaal War, Vols. I & II, London, 1881), Lady Bellairs (The Transvaal War, Blackwood, 1885) en H.E. Hall & F.R. Paver (Pretoria, the Administrative Capital of South Africa, 1910), het Peacock, ten opsigte van die ligging van Fort Royal, tot die volgende gevolgtrekking gekom:

"... Fort Royal was waar die ZASM-geboue tans staan."[1]

Die ZASM-geboue, bestaande uit die ZASM-HUIS op die noordwestelike hoek van Maré en Markstraat – teenoor die huidige Genl. Pretoriusgebou – en die administratiewe kantore van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM), het ten tye van die voltooiing van Peacock se proefskrif in die begin van die vyftigerjare gestaan op die twee erwe wat aan die westekant van Paul Krugerstraat en tussen Jacob Maré en Minnaarstraat lê; Die gevolgtrekking waartoe Peacock dus gekom het, was dat Fort Royal op een of ander plek aan die westekant van die destydse Marktstraat en tussen die verlengde Maré- en Minnaarstrate geleë was.

ii. *Arthur M. Davey.*

Terwyl Peacock aan sy proefskrif gewerk het, het Arthur Davey hom ook besiggehou met 'n verhandeling oor 'n aspek van die geskiedenis van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Pretoria, waarvan die stigting 'n honderd jaar gelede in November 1955 gevier sou word.

Oor die ligging van Fort Royal het Davey soos volg geskrywe:

> "At the north-eastern apex of the perimeter was the Gaol and Convent Redoubt (by die kruising van Visagie- en die huidige Bosmanstraat – HMRex) with a bastion for a 4-pounder Krupp gun and some 400 yards eastward commanding the approaches from Middelburg and Lydenburg was "Fort Royal", a stone and earth fortification, to which 80 men and a 4-pounder Krupp gun were allotted."

In 'n voetnoot het Davey die ligging van Fort Royal nader aangedui:

> "Fort Royal was located at the present sites of the Native Affairs Department (wat intussen op die terrein van die Zasmhuis opgerig is –HMRex) and the N.Z.A.S.M. Buildings at the junction of Jacob Maré and Paul Kruger Streets."[2]

Vir sy lokalisering van Fort Royal verwys Davey in 'n voetnoot net na een bron: C-2886, Encl. 75, p.103, for particulars of fortifications: Bellairs to Dep. Adj. Gen., Pietermaritzburg, 22.1.81. By ondergetekende het die vraag ontstaan of Davey nie kennisgemaak het nie met die proefskrif van Peacock en laasgenoemde se gevolgtrekking oor die ligging van Fort Royal sonder vermelding van sy bron, in sy eie werk weergegee het. Ek verwys na hierdie aspek omdat ek van opinie is dat Peacock se gevolgtrekking oor die presiese ligging van Fort Royal foutief was omdat hy een bepaalde bron verkeerd geïnterpreteer of weergegee het, 'n foutiewe gevolgtrekking wat daarna deur Davey oorgeneem en herhaal is. Die *enigste verskil* tussen die stelling van Peacock en dié van Davey was dat *lg. verwys na die terrein van die "Native Affairs Department"* (waar die hoofkantoor van die Dept. van Naturellesake die Zasmhuis na die voltooiing van die Peacock-proefskrif vervang het) "and the *N.Z.A.S.M. Buildings", en eersgenoemde na die terrein van die ZASM-geboue.*

## 3. Verwysing na ligging van Fort Royal deur mnr. Johan F. Preller, 1974

In 'n artikel wat handel oor 'n kaart van Pretoria, wat in November 1879 saamgestel is, het mnr Johan F. Preller, destyds Adjunk-Direkteur van Argiewe, in die *S.A. Argiefblad,* 1974, – sonder vermelding van sy bronne waarop sy bewering gebaseer was — die ligging van Fort Royal soos volg aangedui:

> ". . . Fort Royal (was geleë) op die hoek van Jacob Mare- en Markstraat (tans Paul Krugerstraat."[3]


Aangesien mnr Preller baie waarskynlik kennis gedra het van die geskrifte van Peacock en Davey kan die afleiding gemaak word dat hy die standpunt van Peacock en Davey, dat Fort Royal geleë was op die noordwestelike hoek van Mare- en Marktstraat, onderskrywe. Ongelukkig sê Preller nie op watter




Digitised by the University of Pretoria, Library Services



'n Fort in Pretoria tydens die beleg van 1880-1881.







Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hoek van Maré- en Marktstraat Fort Royal, volgens hom, geleë was. Soos sy stelling nou daar staan: "op die hoek van Jacob Mare- en Marktstraat", kan dit na enige van die vier hoeke van Maré en Marktstraat verwys. Indien Preller sou geskrywe het: "Fort Royal (was geleë) op die suidwestelike hoek van Jacob Mare- en Markstraat", of: "Fort Royal (was geleë) naby die kruising van Jacob mare- en Markstraat", sou hy, myns insien, nader aan die waarheid ten opsigte van die ligging van Fort Royal gekom het, as wat Peacock en Davey in staat was.

**4. Bronne waarna Peacock en Davey verwys i.v.m. die ligging van Fort Royal**

*i. Charles Du Val: With a Show through Southern Africa, and Personal Reminiscenses of the Transvaal War, Vols. I & II, 1882.*

Peacock verwys in sy proefskrif na twee bladsye van Du Val se boek waar hy inligting oor die ligging van Fort Royal teengekom het, maar aangesien op bll. 176 en 190 van my uitgawe van Du Val se tweedelige werk van 1882 geen melding gemaak word van Fort Royal of enige van die ander destydse forte rondom Pretoria nie, kwoteer ek die verskillende verwysings na Fort Royal wat ek aangeteken het. In die werk van Du Val, wat sy herinneringe voor, tydens en na die beleg van Pretoria bevat, kom verskillende verwysings na die forte in en om Pretoria voor, o.a. ook na Fort Royal. Aangesien hy reeds op 18 November 1880 Pretoria vanaf Heidelberg met die Sesmylspruit-pad binnegekom het, was hy vanaf die begin van Desember goed op hoogte met die oprigting van die forte en die beleg van Pretoria.

Vir ons doel kan die volgende verwysings vermeld word:

a. "A couple of days before the date of the anticipated great Boer gathering (te Paardekraal op 8 Desember 1880 – HMRex), a meeting was called in one of the hotel rooms to consider the question of forming volunteer companies and other matters relating to the defence of the town; and the proceedings were enlivened by a number of detonations like the discharges of cannon, but which proved to be dynamite explosions, the engineers *being engaged in erecting some small forts on the range of hills to the south of the town, and commanding the military camp"*, Vol. I, p.279.

Hierdie eerste verwysing na die oprigting van forte in en om Pretoria, het blykbaar betrekking op die oprigting van die forte Commeline en Tulliche-wan op die heuwels aan die suidekant van Pretoria. Of Fort Royal terself-dertyd opgerig is, blyk nie duidelik uit Du Val se eerste verwysing na die bou van die forte nie. Opmerklik is dat 4 Desember 1880 deur die opstel-lers van die bewoording op die bronsplaat aanvaar is as die datum waarop die bouwerk aan Fort Royal begin is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

b. Nadat die Vierkleur op 16 Desember 1880 op Heidelberg gehys en die Zuid-Afrikaansche Republiek geproklameer is, word vermeld dat "the defensive works progressed (in Pretoria)" na 17 Desember, terwyl tekens van verdediging om elke draai in Pretoria opgemerk kon word, pp. 283, 284 & 286.

c. Du Val se eerste spesifieke verwysing na Fort Royal vind ons onder datum 18 Desember 1880, waaruit die afleiding gemaak kan word dat dié fort in die voorafgaande week of twee opgerig moes gewees het. Du Val skrywe dat die Vrywilligers, "fully armed" om 1 vm. moes byeenkom *"at Fort Royal, a small bastion in the open ground,* commanding the 'poort' or entrance to Pretoria from the Potchefstroom Road. *On reaching the ground at the right of Fort Royal,* the shadowy forms of the Mounted Infantry and Carabineers already arrived, were visible drawn up in lines", p.286.

In Vol. II vertel Du Val dat "Captain Campbell, the senior captain of the 94th, who with eighty men was occupying Fort Royal at Pretoria. . .", terwyl hy weer 'n keer verwys na die twee blokhuise of forte bekend as Fort Commeline en Fort Tullichewan, geleë "on a mountainous chain lying due south from the camp and running east to west", pp. 4 & 11.


Die "camp" waarvan Du Val melding maak, was die suidwestelike gedeelte van die terrein wat gestrek het van Visagiestraat (en selfs 'n gedeelte van Skinnerstraat) in die noorde tot die heuwels aan die suidekant van die dorp en van Marktstraat in die ooste tot aan die westekant van die teenswoordige Potgieterstraat, d.w.s. in die omgewing waar die militêre hoofkwartier in Potgieterstraat en die tronk tans gevestig is. Die oop terrein waar die Stadsaal van Pretoria tans staan, wat destyds bekendgestaan het as "Garrison Square", was geleë teenoor die Jellabad Villas of "Government Offices", ook genoem die "District Offices" Dié regeringsgebou van die Engelse Tussenregering is vanaf 1881 tot 1884 ook gebruik deur die herstelde regering van die ZAR en het gestaan waar die gebou van die Sitrusraad vandag staan.

In Vol. II van sy werk gee Du Val 'n nadere aanduiding van die ligging van Fort Royal:


> "About 300 yards to the south-east of the Convent Redoubt" (wat geleë was op die noordwestelike hoek van Visagie- en Kockstraat (tans Bosmanstraat) waar die vulstasie teenoor die Continental Hotel tans geleë is) "and commanding the 'Poort' or entrance through the southern range of mountains, beyond which lay the roads to Potchefstroom and Heidelberg, was placed a small earth and stone bastion, known as Fort Royal, occupied by some eighty men of the




Digitised by the University of Pretoria, Library Services




Fort Royal





Fort Royal



Digitised by the University of Pretoria, Library Services






Digitised by the University of Pretoria, Library Services